Om Jesus Op Die Toneel Te Roep

Ons lees die Woord van die Here. In Matthéüs se Evangelie, die—die 8ste hoofstuk, vanaf die 23ste vers, lees ons dit.

> *En toe Hy in die skuit klim, het Sy dissipels Hom gevolg*
>
> *. . .daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe. Maar Hy was aan die slaap.*
>
> *Daarop kom Sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan!*
>
> *En Hy* het *vir hulle* gesê*: Waarom is julle bang, kleingelowiges? Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom.*
>
> *En die* man *het hulle verwonder en gesê: Wat vir 'n mens is Hy, dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam is?*

2 Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed.

3 Ons Hemelse Vader, ons is so bly vanaand om te weet dat hierdie groot Een, Wie die winde en die see Hom laat gehoorsaam, met ons is. Ons is dankbaar dat ons hierdie groot getuienis van Sy lewe nog vandag het, en in die wete dat Hy Ewig is, en Hy nooit kan sterf nie. Hy lewe vir Ewig, en het Sy groot genade aan ons getoon, die kinders van die mens in hierdie dae. Ons is behoeftige mense, Here, so behoeftig dat niemand anders ons behoeftes kan bevredig behalwe U nie. So ons kyk na U vanaand, om in ons byeenkoms in te kom hier, en Uself bekend te maak aan ons, deur ons sondes te vergewe, ons geloof te versterk, Here, en ons siektes en beproewinge te genees. En wanneer ons na ons huise gaan, vanaand, mag ons gelukkig wees, deur te sê soos dié van Emmaüs: "Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Want ons vra dit in Sy Naam. Amen.

Julle mag maar sit.

4 Ek is amper soos Saggéüs; hierdie goed is altyd te kort vir my. Ek wil met julle praat net 'n paar oomblikke nou voordat ons vir die siekes bid. Dankie vir julle goeie samewerking, en geloof in die Gees, gisteraand, terwyl ons gepraat het, in die vertroue dat dit 'n groot uitstorting van Sy seëninge sal wees.

5 Onthou altyd waarvoor ons hier is, is om te probeer om julle geloof te versterk in Sy Teenwoordigheid, dat julle mag ontvang dit waarvoor julle gevra het. Dan, deur geloof, glo julle.

6 Nou, onthou, elke verlossende seëning is alreeds gekoop. Die prys is betaal, daar is net een manier wat jy ooit in staat sal wees om dit te ontvang, dis om dit te glo en dit te aanvaar. "Hy is die Hoëpriester van ons belydenis." Die Hebreërs sê daar, die Hebreeuse brief, sê: "Hy's die Hoëpriester van ons bekentenis." Om te beken, en bely, is dieselfde ding, natuurlik. So ons. . . Hy's die Hoëpriester van ons belydenis, daarom kan Hy niks vir ons doen totdat ons eers bely het dat Hy dit gedoen het nie. En dan as ons dit bely het, dan is Hy die Hoëpriester, bemiddelaar, om te werk te gaan daarop en dit reg te maak. So ons bid, in vertroue in God vanaand, in Sy goedheid en genade, dat Hy vir ons Sy oorvloedigheid van genade sal gee, vanaand. En nou, onthou, jy moet dit aanvaar.

7 Nou ons gaan bid vir die siekes voordat ons vertrek, hande op hulle lê, maar ek wens dat julle genoeg geloof kan hê dat julle dit nie hoef te doen nie. Ek wens julle kon net opreik en sê: "Here Jesus, ek glo U. Ek—ek. . . " Hy glo die Woord.

8 Nou, kyk, God is anders as ons. As—as ons vir jou iets sou sê om te doen, en jy het dit nie geglo nie, wel, sou ons sê: "Los hulle uit. Hulle hoef dit nie te glo nie." Maar dis nie God ons Vader nie. Hy sal die heeltyd iets anders doen om jou te laat glo. Hy probeer Sy Woord hou, en Hy sal Sy Woord hou.

9 Nou waarom Hy die dinge doen wat Hy nou doen, is omdat Hy belowe het om hulle te doen. Nie dat Hy dit moet doen nie; maar Hy het belowe om dit te doen. En dis ons vertroue dat Hy altyd Sy belofte hou.

10 Nou elkeen van julle, wanneer julle siekes, geliefdes, ensovoorts het, wat sit, as hulle nie kan. . . soos die meisietjie hier, sy's te jonk, en sy's in daardie toestand waarin sy is; net wanneer julle glo, lê julle hande op die kind terwyl die diens aan die gang is. Andere, wat geliefdes het, in julle hart dink julle aan hulle. Lig hulle in geloof reg op voor God, in gebed. Nou, en, daarom, glo dan. Wanneer iets gebeur, julle. . .

11 Jy kan nie jouself laat glo nie. Jy, dis iets, dis 'n kwaliteit wat in jou is. "Geloof is die vaste vertroue," nie net 'n skyn—denkbeeldige nie. "Dit is die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys van dinge wat jy glo, en jy nie sien nie." En alles, die hele Christenwapenrusting nou, onthou, is deur geloof. Alles bonatuurlik, liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, goedhartigheid, sagmoedigheid, geduld, dis almal onsigbare dinge. Dis die hele Christenwapenrusting. Die Christen kyk altyd na dinge wat hy nie sien nie, want hy kyk na 'n belofte.

12 Hier 'n tyd gelede, baie jare, was ek op die toneel geroep, in 'n hospitaal, om vir 'n seun te bid wat sterwend was, met witseerkeel. Ek het dit baiekeer aangehaal, want dis 'n baie buitengewone geval vir my. Die vader was 'n redelike ou man, en moeder. En hierdie jongman was omtrent veertien jaar oud, reken ek, en hy was hulle enigste kind. En hy was sterwend, met witseerkeel, en iets het gebeur met sy hart. Hy was bewusteloos. En hulle was net. . .Hy net, o, net—net kwalik aan die lewe, ek vergeet wat sy—sy hartklop was; respirasie was baie laag.

13 En die ou vader het die diens bly besoek, en gesmeek, die bestuurder gesien en almal. "Kom, bid! Kom, bid! Dis al, kom net na die hospitaal en bid."

Die bestuurder het gesê: "Bring hom na die diens."

14 Gesê: "Ons kan hom nie beweeg uit die hospitaal nie. Hy is sterwend." En gesê: "As Broer Branham net sou kom, God vra, sou God dit skenk."

Ek het gedink: "Wat 'n geloof!"

15 Ek het na die hospitaal toe gegaan, en die dokters wou my nie laat inkom nie. Hulle het gesê: "Nee, jy's 'n getroude man, jy het kinders." Billy Paul was toe klein. Gesê: "Jy kan nie ingaan nie," gesê: "want jy het 'n kind."

16 En ek het gesê: "Nou, ek het verstaan dat die dokter self Katoliek was." Ek het gesê: "As die priester die laaste begrafnisplegtighede aan die kind wou gee, as hy Katoliek was, sou jy hom toelaat om in te gaan?"

17 Gesê: "Dis anders. Die priester het geen kinders nie." Sien? Gesê: "Jy sou die kiem na jou kind oordra."

18 En ek het gesê: "Maar, kyk, meneer. Laat ek die verantwoordelikheid neem. Ek sal 'n brief teken. Ek sal die verantwoordelikheid neem. As ek nie genoeg geloof het om daar in te gaan dan daarvoor nie, moet ek glad nie ingaan, in die eerste plek nie." Ek het toe gesê: "Maar ek sal die verantwoordelikheid neem." En ek het gesê: "Dink daaraan nou, as daardie seun Katoliek was, en hy was sterwend; en sou jy, op enige manier, die priester weerhou om vir hom die laaste begrafnisplegtighede van die kerk te gee?"

Hy het gesê: "Nee, ek sou dit nie doen nie."

19 Ek het gesê: "Ek beteken net soveel vir hulle as wat die priester beteken vir 'n Katoliek."

20 En hy het gesê: "Goed," en hy het uiteindelik toegestem. Hy het my aangetrek soos 'n Ku Klux Klan van 'n soort, al hierdie soort goed oor my, en—en my daar ingeneem na hierdie sterwende seuntjie.

21 Die moeder en vader het gekniel aan die ander kant. En ek het net 'n eenvoudige gebedjie gebid: "Here Jesus, ek vertrou dat U hierdie seun oprig, op die va—. . .grond van die geloof van hierdie vader en moeder," en my hande op die kêreltjie gelê. Hy was bewusteloos vir drie, omtrent drie dae, glo ek, en net kwalik asemgehaal. En ek het opgestaan, gesê: "Amen." 'n Oomblik gebid, en opgestaan.

22 En die ou vader het die moeder in sy arms geneem en gesê: "Dink daaraan, skat, ons seun is genees!" Glad geen teken daarvan nie. En hulle het net mekaar omhels, en die Here gedank.

23 En die verpleegstertjie, jong kind, 'n jong dame, liewer, sy was waarskynlik agttien, twintig jaar oud. Sy het 'n verpleegster se band gehad, en sy. . .of, sy was 'n gegradueerde verpleegster. En sy het gesê: "Meneer, ek is bevrees jy verstaan nie." Sy het gesê: "Die seun is sterwend."

Hy het gesê: "O, nee. Die seun gaan lewe." Die vader het.

24 En gesê: "Hoe kan jy so optree en jou. . .jy weet jou seun is sterwend, onder so 'n valse indruk as wat jy gebring is?"

Gesê: "Dis geen valse indruk nie." Hy. . .

25 Sy het gesê: "Kyk." Nou ek mag. . .Daar mag 'n dokter hier teenwoordig sit. Ek weet nie van medisyne en instrumente van mediese terme nie. Hulle het hom een of ander soort kardiogram gegee en sy hart was so laag. Dit was vir so lank laag. Die dokter het gesê. . .Die verpleegster het die dokter herhaal, gesê hy het. . . "Dit was nooit bekend in die geskiedenis, as 'n hart ooit so laag gegaan het, dat dit ooit weer sou herstel nie."

26 Ek sal nooit die ou man se kyk vergeet nie. Ou vaderlike kêrel het nadergestap en sy hand op die verpleegstertjie se skouer gesit. Hy het gesê: "Suster," het hy gesê: "sien, jy kyk na daardie grafiek." Gesê: "Dis al wat jy weet, is om daarna te kyk. Maar," gesê: "ek kyk na 'n Goddelike belofte."

27 Die seun is 'n sendeling in Afrika nou, het drie kinders. Sien? Sien? Dit hang af van waarna jy kyk, sien. Hy het geglo.

28 Nou, dis dieselfde geloof: "As U U hande op my kind kom lê. As U die Woord sal spreek, my dienskneg. . ." Sien, dis iets wat jy het. Jy—jy. . .

29 Toe was dit nie—was dit nie 'n vertoon nie. Die ou kêrel het dit geglo. Hy het Iets beetgekry.

30 Die vrou wat Sy kleed aangeraak het. "As ek net Sy kleed moet aanraak!" Dis reg. Jy moet daardie geloof beetkry, onder in jou hart. Dis net soos jy sê. . .

31 Julle weet, julle mans, as jy—as jy die regte soort man is, is daar geen vrou in die wêreld wat jy liefhet soos jou vrou nie.

Daar mag ander vroue wees wat—wat mooier mag wees. Daar mag vroue wees wat 'n—'n—'n mooier vroue mag wees, ensovoorts. Maar iets, as jy regtig jou vrou liefhet, is daar iets daarbinne wat jy nie oplet hoe sy lyk nie. Jy het haar lief. En jy—jy weet nie hoekom nie, maar jy het haar lief. En, vroue, julle dieselfde met julle man. Julle, julle het lief. En julle jongmeisies met julle kêrels; kêrels met meisie. As jy daardie persoon ontmoet het wat jy weet jy het lief, is daar iets daarbinne wat jy weet jy het hulle lief.

32 Wel, dis dieselfde ding wat dit is omtrent geloof. Jy weet dit gaan gebeur. Daar's nie 'n skaduwee nie, maak nie saak hoeveel teenoorgestelde sou sê nie; jy glo steeds dieselfde ding, want dis egte, ware, egte geloof. Nou hê dit vanaand, terwyl ons oor hierdie onderwerp praat.

33 Ek het soveel gepraat, en was in dienste nou so lank, ek het nie 'n ruskans gehad, kwalik, vanaf Kersfees af nie. En ek is 'n bietjie hees in my keel, van die weersverandering, en tyd, ensovoorts.

34 Ek wil vanaand met julle praat oor die onderwerp van: "maak Jesus wakker." Of: *Om Jesus Op Die Toneel Te Roep*.

35 Uit ons Skriflesing, vind ons uit dat daar 'n groot diens was. Jesus het rondgegaan, groot wonderwerke gedoen, altyd goed gedoen, en ook gedoen wat God behaag het. Hy het altyd God behaag, maar Hy het Homself nie behaag nie, het die Bybel gesê. En ons vind uit dat Hy Homself deeglik bekend gemaak het, Wie Hy was, deur Sy werke. Sy werke het geïdentifiseer Wie Hy was.

36 En krag het uit Hom uitgegaan. Hy het gelykenisse onderrig, heeldag, en krag het uit Hom uitgegaan. En Hy het...sou die see oorsteek, oorkant toe, oorkant aan die anderkant. Deur te wees wie Hy was, het Hy—Hy geweet daar was 'n groot werk wat voorgelê het, aan die anderkant. En Hy was baie moeg. Krag het uit Hom uitgegaan, heeldag lank, soos die mense Hom aangeraak het, deur hulle geloof, om Hom te glo, ensovoorts. En Hy het 'n...

37 Die krag het Hom verlaat, en Hy was moeg. So Hy het agter in die agterkant van die skip gegaan en gaan lê op 'n kussing, sê die Skrif vir ons, om 'n bietjie te rus terwyl die skip die see oorgesteek het, die See van Galiléa oorgesteek het, 'n geleentheid vir 'n bietjie rus.

38 Sy dissipels het hulle spane opgetel, en die seile gehys, en net soos seemanne sou maak. Hulle, dit was hulle, baie van hulle, hulle beroep. Hulle was vissermanne daar op die see, en—en hulle het geweet hoe om hierdie bote te beheer. En hulle was terug by hulle beroep, net 'n vreugdevolle tyd gehad, 'n jubileumtyd, miskien gepraat van die dinge wat daardie dag gebeur het.

39 Julle weet, daar is iets daaromtrent, dat wanneer ons ons Here Jesus dinge sien doen, en kan weet dat dit Hy is, dat niks anders dit kan doen behalwe Hy nie, ons net eenvoudig... Wanneer ons bymekaarkom, ons net...Almal wil getuig. Almal wil iets sê, en hulle wil daarvan praat. Jy kan 'n herlewing by jou kerk hê; die pastoor kan 'n wonderlike boodskap bring, of die evangelis, of wie dit ook al mag wees; of jy kan een of ander iets sien plaasvind, of iets in die buurt, iemand is genees. Die bure kom bymekaar en praat daarvan. "Hoe wonderlik! Was jy daar? Jy moes dit gesien het. Dit was die merkwaardigste ding." Daar is iets omtrent die werke van God wat die mens se hart meer verbly as enigiets anders wat gebeur. Daar's...Dis net 'n onvergeetlike ondervindings wanneer ons in kontak kom met die Here Jesus en die dinge sien wat Hy doen, so groot en wonderlik is Sy weë.

40 Nou vind ons uit dat hulle verbly was oor die werke wat gedoen is in daardie dag se herlewing, en miskien sou ek ons vergelyk, vanaand, op dieselfde manier.

41 Nou ons het pas een van die grootste herlewings gesien, glo ek, wat die wêreld ooit gesien het, in hierdie laaste tien, vyftien jaar. Dit was 'n—'n herlewing, nie net soos die dae van Billy Sunday, of die dae van die Walliese herlewing, of die dae van—van die Wesleyaanse herlewing, of die Moody herlewing, of Billy Sunday herlewing nie. Dit was 'n ding wat wêreldwyd deurgetrek het, om die wêreld. Groot genesingsdienste en groot herlewingsvure het op omtrent elke heuwel wat daar in die wêreld is, gebrand. Net vanaand, ver onder in die lande van Afrika, onder in China, en Japan, word hierdie Evangelie gepreek, en word mense genees op hierdie einste oomblik, om en om die wêreld. Dit was een van die grootste herlewings, omdat, ek glo, dit een van die laaste herlewings is wat die wêreld sal sien, 'n herlewing wat deur die wêreld trek.

42 Maar nou, in die laaste paar jaar, het dit stil geword. Jy let nie die entoesiasme op in die mense, wat daar altyd was nie.

43 Ek onthou om die voorreg te hê, deur die Heilige Gees, om daardie herlewing wat begin het, aan te voer, toe daardie Engel van die Here verskyn het op die rivier en dit gesê het, omtrent baie jare gelede. En om dit te sien gebeur, en dit predikers se harte te sien aan die brand steek, oral, herlewings het uitgebreek. Wel, jy kon net eenvoudig in 'n gebou instap, en die mense het net opgestaan uit hulle beddens en draagbare, en weggestap, genees. Jy hoef nie eens een woord te gesê het nie. Net—net daar te gewees het, dis al wat dit gekos het.

44 Ek onthou een aand in Vandalia, Illinois. Ek het in die diens ingestap, en was nie in die diens vir meer as vyf minute nie, en daar was nie 'n swak persoon in die plek, êrens nie. Rystoele uitgestoot en opgestapel. Blindes het gesien, en doof

en stommes het gepraat, en—en net eenvoudig dit. . . die Gees van die Here was teenwoordig, en Hy het net die hele groep van hulle genees. Nou dis wanneer jy iets kan doen, wanneer herlewing aan is. Maar laat daardie herlewingsvuur doodgaan, dan kan jy kwalik. . . Die mense is steeds Christene, maar hulle is nie herleef in daardie Gees nie, daardie groot atmosfeer wat iets doen nie.

45 Dis net soos in ’n smidsoond, in ’n smidswinkel. Jy moet die yster warm kry voordat jy dit begin slaan op die aambeeld. As jy dit nie doen nie, sal jy dit nooit reguit kry nie.

46 En dis wat dit neem om ’n herlewing te kry, is almal onder die hitte van die Heilige Gees wat die kragte van God afgebring het en ’n herlewingsbeweging. Dan gaan daar bidure aan, dag en nag, elke minuut, oral. Wel, die mense wil nie eens die terreine verlaat nie!

47 Ek onthou in Jonesboro, Arkansas, toe ek die eerste keer begin het my. . . omtrent my derde diens. Eerste in St. Louis, toe by Corning, en toe af na Jonesboro. Die koerant het gesê: “Agt—en—twintigduisend mense in die diens.” Vir twintig of dertig myl van die stad af, was net tente opgesit. Jy kon nie ’n plaashuis kry om in te bly, in die stadjie van Jonesboro nie. En mense wat gekom het van myle ver, lanterns gedra het, gestap het deur die oerwoude, ’n—’n bus gekry het en gekom het.

48 Ek het buite in die wildernis gesit een aand, gebid voor die diens begin het, en ek het jong dames sien kom met hulle skoene en kouse onder hulle arm. Toe, voordat hulle daar gekom het, gestop en die stof van hulle voete gevee, en hulle kouse en—en—en skoene aangetrek, en—en in die diens ingegaan.

49 En ek het hulle hulle siek kinders sien lê onder ou katoenvragmotors, en dag en nag daar gebly; koerante en seile oor hulle hou, terwyl dit gereën het, storm wat gewoed het; nie hulle plek verlaat nie, gewag het net om in die gebou in te kom.

50 Daar is waar die blindes gesien het, die dowes gehoor het. En die bediening, vanaand, is ’n honderd myl bokant dit, maar die herlewingsvure het doodgegaan.

51 Die mense daar sien opstap en sê. . . Wys net jou vinger, en sê: “Wel, glo jy, broer?” Dis al, hy was uit en weg. Dis al wat gedoen moes word. Hulle het geglo. Die herlewing was aan die gang.

52 Nou, hierdie dissipels het dit gesien, en in ’n amateurvorm het hulle die vreugde beleef, terwyl Jesus gerus het, van wat hulle gesien het daardie dag gedoen is.

53 En ek dink die herlewing doen iets soos daardie, dat ons nou net lewe in ’n stil tyd, terwyl Hy net rus miskien tussen die dienste, of die herlewing en Sy Koms. En ons is verbly oor die

dinge wat ons gesien het regdeur die tyd van hierdie herlewing, groot en wonderlike werke. Maak nie saak wat die wêreld sê nie, ons het steeds gesien dat dit gedoen is! Dis ’n stelling, dis die feite, dis gedoen.

54 Hulle moes die geleentheid gebruik het, terwyl die seile goed aangegaan het, om van Hom te praat, van Sy handelinge, van Sy aansprake, van Sy Messiasskap. Baie van hulle mag . . . van hierdie dissipels, mag gepraat het van wat hulle gesien het wat gedoen is, met mekaar.

55 Net soos ons maak, gedurende die tyd van die herlewing by Shreveport, gedurende die tyd van die herlewing by—by ’n ander dorp, ons sal daarvan praat.

56 Nou dis wat hulle gedoen het. Miskien was dit Simon, soos ons van gepraat het gisteraand, wat gesê het: “Wel, toe Andreas my van Hom gesê het, was ek net ’n bietjie skepties. Maar toe Hy my gesê het wie ek was en wie my vader was, het dit al die twyfel uit my weggeneem. Ek—ek het dit toe geglo.”

57 Dit mag gewees het dat Filippus mag gesê het, party van die ander een; dit mag Andreas gewees het wat gesê het. Ons het gepraat van die vrou by die put, gisteraand. Mag van haar gepraat het, toe hulle so—iets gesê het: “Broers, julle weet, toe my vreemde tyd was, toe ek—ons weggegaan het om ’n paar lewensmiddele te kry. En ons kom terug en ons het buitekant die bosse gestaan, en Hom sien praat met hierdie berugte vrou. Ons het gedink in ons harte: ‘Wat as een van die priesters sou kom en dit sien, ons Meester wat met ’n vrou van hierdie aard praat, wat sou hulle van Hom sê?’ En toe onthou ons hoe ons geweet het, wat vertroue in Hom gehad het, dat dit vir ’n doel was dat Hy met haar gepraat het.

58 “En toe toe Hy vir haar gesê het: ‘Gaan kry jou man en kom hiernatoe.’ En sy het gesê: ‘Ek het geen man nie.’ Hoe ons harte gespring het, want ons het gedink daar is een keer wat daar ’n mislukking is. Jesus het vir die vrou gesê dat sy moes, haar ‘man moes gaan haal,’ wanneer sy geen man gehad het nie. Julle onthou die kyk wat ons op mekaar se gesig gehad het, soos ons verwonderd was, om te dink dat al die vertroue wat ons in Hom gehad het, en hier was dit meteens verydel?

59 “Toe vind ons, onmiddellik het Hy gespreek en gesê: ‘Jy het die waarheid vertel, want jy het vyf mans gehad, en die een wat jy nou het is nie joune nie.’

60 “Toe toe sy Hom toe herken het as die Messias, die Messias van God, en daar gesê het, dat: ‘Ons weet dat die Messias kom. U moet ’n Profeet wees, want ons weet, wanneer die Messias kom, gaan Hy dit doen.’ En die getuienis in daardie stad, daardie vrou se getuienis het die mense van die stad geraak.

61 "Toe mag dit jong Johannes gewees het wat gesê het: 'Julle weet, ek sal vir julle sê wat dit werklik gemaak het vir my, daardie dag toe Hy die brood gebreek het. Nou, ons was almal honger, en Hy het uitgegaan in die woestyn, en ons kon Hom nie vind nie, en daar het ons Hom ontmoet. En al die menigtes het saamgedrom, en, die eerste ding waarvan jy geweet het, vind ons dat Hy sê: 'Stuur hulle weg na die stad, om kos te kry.' En—en—en Hy het vir ons gesê om toe 'vir hulle kos te gee.' En Hy het daardie vyf broodjies en twee vissies gekry, en Hy het daardie brood gebreek. En ek het opgelet na sy hand toe Hy sou terugreik vir nog 'n stukkie brood, het daardie broodjie weer uitgegroei. En toe toe Hy teruggereik het, dit in 'n bord geplaas het, toe teruggereik het, het daardie vis weer uitgegroei. Nie net die gewone vis nie, maar dit was 'n gaar vis, sien, alreeds weer teruggegroei."

62 Watter soort atoom het Hy losgelaat, broers, gaar vis, gaar brood, die groeiproses omseil? En ons weet Hy was die skepper, maar hier maak Hy skepping van vis wat alreeds gaar is en gaar brood.

63 Johannes mag iets soos hierdie gesê het. Hy het gesê: "Julle weet, toe ek 'n seuntjie was, het ons onder by Jerigo gewoon. Ek onthou my Joodse ma het my altyd in die middag aan die slaap gesus; my middagslapie geneem. Ek het altyd in haar oë opgekyk, en sy sou my Bybelstories vertel."

64 En, julle weet, dis 'n goeie ding vir enige ma om met haar kind te doen. "Maak die kind groot in die weg wat dit moet gaan." Dit sou beter wees as om die televisie aan te sit en party van hierdie dinge hier te kyk wat aangaan op die televisie. Jy sou beter daaraan toe wees as jy vir hom 'n Bybelstorie lees, want dit maak 'n indruk op sy verstandjie.

65 Nou gesê: "Hy het altyd. . . Sy het altyd vir my vertel van die—die storie van die Sunammitiese vrou wie se seuntjie weer lewendig geword het deur die profeet Elía. Ek het daarvan gehou. Dan het sy my altyd vertel van ons volk wat uitgekom het uit Egipte. En ons was reg op die Jordaanrivier. En sy sou oor die rivier wys, en sê: 'Johannes, hulle het net aan die anderkant gekamp. En hulle was veertig jaar in daardie woestyn, en God het hulle manna gevoer. Hulle klere het nooit opgeraak nie. En God het hulle brood gegee, en vars, elke oggend.'

66 "En hoe my klein, kinderlike hart, ek altyd gesê het: 'Mamma, het God 'n klomp groot oonde daarbo in die hemele, en Hy bak al hierdie brood, en kry Sy Engele gereed om die oggendbrood af te bring en dit uit te lê op die. . . ?'

67 "'Nee,' sou sy sê. 'Johannes, jy's te jonk om te verstaan. Sien, God het nie oonde in die lug nie. Hy het nie oonde nodig

nie. Ons moet oonde hê. Maar God het dit nie nodig nie, want Hy's die Skepper. Sien, Hy spreek net en die brood het gelê buite op die . . . Hy is die Skepper.'

68 "En, broers, toe ek vandag daar gestaan het en gekyk het hoe Hy daardie stuk brood neem en dit afskeur, en toe Hy terugreik vir nog 'n stuk, was dit geskep, het ek geweet ons het nie 'n valse profeet gevolg—gevolg nie. Dit was die Skepper, Self, in die Mens." En die . . .

69 En toe mag hulle die gesindheid van party van die mense bespreek het. Party het geglo, party het nie; en dan Sy gesindheid teenoor die mense.

70 Nou, julle weet, Christelikheid het soveel verander, in hierdie laaste dae. Nou moet jy 'n persoon soveel vertroetel, vir hulle baie belowe, vir hulle baie gee, om hulle te laat glo, om kerk toe te kom, en hulle belowe dat hulle beter vriende sal hê en alles. Dis nie Christelikheid nie.

71 Christelikheid word nie vertroetel nie. Christelikheid is robuus. Reg. Dis 'n—dis 'n—'n . . . Christelikheid is nie 'n kweekhuisplant nie.

72 'n Kweekhuisplant is meestal 'n basterplant. Jy moet dit die heeltyd bespuit, die goggas daarvan af te hou. Dis as gevolg van sy swakheid. En dis wat jy moet doen met baie Christene, hulle soort van bespuit met 'n—'n klomp beloftes.

73 Jy, jy het dit nie nodig nie. 'n Ware egte gesonde plant, het nie enige bespuiting nodig nie. Die goggas bly weg daarvan.

74 Dis net soos, vandag, wat die mens dinge probeer vat en hulle verdraai. God, in die begin, het Hy gesê: "Laat elke saad van sy eie soort voortbring."

75 Ek het gelees in die *Reader's Digest* hier, waar hulle—hulle geneem het wat hulle 'n bastermielie noem, en dit maak 'n pragtige kop, sekerlik, yslike groot mooi kop; maar dit is niks werd nie, niks daaraan nie. En hulle maak 'n beter tamatie, dit smaak nie eens soos 'n tamatie nie, en maak, het nou 'n hoender wat nie eens vlerke het nie. Verbastering! Sien?

76 En nou, onthou, jy mag bastermielies hê, maar jy kan nie daardie saad weer plant nie. Dit sal nie weer voortbring nie. Dit sal sterf. Waarom? Dit het geen lewe daarin nie. Jy moet dit elke keer verbaster. As dit nie sal nie, sal dit net bly vermenigvuldig. Dit wys dat evolusie, volgens die mens se idee, verkeerd is.

77 Jy kan 'n—'n merrieperd en 'n donkiehings neem, en hulle laat teel en 'n muil kry, maar 'n muil kan homself nie weer terugteel nie. Dis al. Dis al. Hy is klaar.

78 En hulle sê nou, dat binne twintig jaar, as hulle nie hierdie mense keer om hierdie verbasterde goed te eet, soos hierdie mielies en koring en goed wat hulle verbaster nie, dat, "dit

verander die—die postuur van vroue. Hulle sal nie in staat wees om babas te hê, in twintig jaar van nou af nie. Dit maak die geslag dood." Dit het nie die goed daarin nie.

79 Mans is nie gemaak soos hulle was nie. Kyk na mans vandag. Wel, hulle, was altyd, balspeletjies rof was. Nou moet hulle kopskerms dra; hulle maak 'n dosyn elke jaar dood, wat teen hulle koppe tref, soos 'n proefkonyn, hy sterf sommer nou; gevegte en alles. Mans is gemaak van 'n klomp gemors. Dis, en dis as gevolg van bastergoed, en dit het die hele stelsel van—van ons lewe besoedel, ons hele ekonomie.

80 En—en—en daardie verbastering het in die kerk beland, ook. In plaas daarvan om 'n klomp regte, robuuste Bybelgelowiges te hê, het hulle dit verbaster deur 'n denominasies. En hulle moet: "Ek het *dit*, ek het *dat*; en ek behoort *hieraan*, en ek behoort *daaraan*." Dis verbaster, en die ding kan homself nie weer voortbring nie.

81 Ons het weer 'n Boek van Handelinge nodig. Maar die enigste manier wat jy dit sal doen, is om terug te kom na die Bybel, en weg van party van hierdie verbasterde godsdiens.

82 Verbastering, moet vertroetel word! Geen geloof nie! Net 'n klomp—klomp poeierkwasse, net verwyfd, daarin vertroetel. "Ek's . . ." Ek sê, is jy 'n Christen? "Ek's Metodis." Is jy 'n Christen? "Ek's Presbiteriaans. Ek's Pinkster." Dit beteken nie *dit* vir God nie. [Broer Branham klap sy vinger—Red.]

83 Jy's 'n Christen omdat jy gebore is in die Gees van Christus, en die Woord van God in jou woon.

84 Jy weet, ek geniet altyd 'n basterperd. . .Jy weet, hy het verstand. Jy kan—jy kan hom dinge leer, dinge vir hom doen, en hy sal leer. Maar jy neem 'n ou muil, jy kan niks aan hom doen nie. Hy's net 'n ou groot langoor donkie. Hy sit daar, en, jy kan met hom praat, hy sal sy ore uitsteek, en: "Huh? Huh? Huh?" Sien, dit, hy's net 'n baster.

85 Laat my dink, baie van hierdie sogenaamde Christene, verbaster, donkiegodsdiens. Jy kan vir hulle sê Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sê: "Ek glo Dit nie." Sien? En jy kan hom nooit niks leer nie. Hoe kan jy hom leer; hy's gedaan, in elk geval. "My kerk glo Dit *so*. Myne glo Dit *so*." Maar God se Woord sê Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Ek hou nie van 'n Basterchristen nie.

86 Ek hou van 'n—hou van 'n opregte perd. Hy weet wie sy pappa was, wie sy mamma was, wie sy oupa en ouma was. Hy ken al die geslagte die heelpad terug.

87 So ook 'n opregte Christen, hy weet Wie sy Vader is. Hy het van God af gekom; Hy is die Woord van God, Hy's dieselfde as wat Hy ooit was. Hy's 'n ware opregte produk van God, die Woord van God is in hom, Jesus Christus wat Homself manifesteer.

88 Klomp ongelowiges! Jesus wou eendag 'n klomp parasiete afskud, Hy't te veel gehad wat Hom volg. Hy't Sy dissipels gehad. Dan, het Hy die sewentig gehad, die predikersvereniging. Dan, het Hy die gemeente gehad, by die duisende. En toe het Hy hierdie stelling gemaak, Hy het gesê: "As julle nie die Bloed eet. . . die vlees van die Seun van die mens eet, en Sy Bloed drink nie, het julle geen Lewe in julle nie."

89 Nou wat dink julle sou 'n mediese dokter sê, wat buite in die gemeente sit? Wat dink julle sou 'n verstandige denkende man maak, wat ons verstandige denke noem? Hy het dit nooit verduidelik nie. Hy hoef dit nie te verduidelik nie. Wel, die dokter sou sê: "Kom weg van daardie Kêrel. Hy's mal. Hy. . . Ons sal menslike vampiere wees. Die Bloed van 'n Mens drink, Sy vlees eet?"

90 En die gemeente, ek veronderstel die priester het gesê: "Hierdie is die tyd. Hier is waar ons inkom. Ons gaan uit! Ons sal nie nog een van die dienste bywoon nie." Daar het hulle gegaan. Toe, het Hy almal van hulle van Hom weggekry.

91 Toe het Hy omgedraai, en Hy het vir die sewentig gesê, Hy het gesê: "Wat sal julle sê wanneer julle die Seun van die mens sien opvaar na die Hemel van waar Hy gekom het?"

92 Nou, daardie sewentig het gesê: "Die Seun van die mens wat opvaar van waar Hy gekom het? Wel, Hy het ons gehad by die einste krip waar Hy gebore is. Ons ken Sy moeder. Ons het die klere gesien, die sweetdoek waarin Hy toegedraai was. Hy is daaronder in Betlehem van Judéa gebore. Hy's grootgemaak hier oorkant in Násaret. Daar is Sy broers, Sy susters, en hulle almal met ons. En toe het Hy gesê: 'Hierdie Seun van die mens het opgevaar?'" Nou, Hy het dit nie verduidelik nie, Hy het dit net gesê. Nou, hulle kon dit nie verduidelik nie, hulle kon dit nie uitsorteer in hulle verstand nie. "Wel," het hulle gesê: "hier is waar ons inkom," so hulle het uitgegaan. Dis soveel as wat hulle kon verduur.

93 Hulle het steeds dieselfde groepe. Dis reg. Ons het hulle steeds. Ons let op.

94 Toe het Hy omgedraai. Onthou, daardie dissipels kon dit ook nie verduidelik nie, maar hulle het geloof gehad. Toe het Jesus omgedraai en gekyk na die twaalf, en gesê: "Sal julle ook gaan?"

95 Toe het Petrus daardie befaamde woorde gesê: "Here, waarnatoe sal ons gaan? Want ons is ten volle oortuig, ons weet dat U die Woord van die Lewe het, en U alleen." Sien? Hulle kon nie verduidelik hoe hulle Sy vlees sou eet en Sy Bloed sou drink nie. Hulle kon nie verstaan hoe Hy sou opvaar van waar Hy vandaan afgekom het, wanneer Hy in Betlehem gebore was nie. Hulle kon nie. Maar, sien, geloof ken geen mislukking nie.

Dis geanker. Dit bly daar, maak nie saak wat enigiets sê nie. Dit het daar gebly. Hulle was verordineer tot hierdie Lewe. En Hy's. . . Hulle het daar gebly.

96 Nou daardie verskillende soorte. Party het geglo. Party het gesê: "'n Mens het nooit so gespreek nie." Party het nie geglo nie, en hulle het gesê: "O, daardie, mag dit bespreek het."

97 Party het gesê: "'n Mens het nooit gepreek soos hierdie Man nie. Daar is iets vreemds omtrent Hom. Wat Hy sê, is Hy in staat om te rugsteun." Wel, hulle het dit gesê, julle weet, gesê: "Hy praat nie soos 'n priester nie. Hy praat nie soos 'n rabbi nie. Want wat Hy sê, God rugsteun dit, Hy bevestig wat Hy gesê het." O, goeiste!

98 Dit moes jong Johannes gewees het, toe, wat gesê het: "Dink daaraan! Ons het Hom met ons op die oomblik. Watter troos moet dit wees! Wat 'n sekuriteit!" Wat 'n sekuriteit behoort dit vir ons te wees!

99 Ek's 'n sendeling, om en om die wêreld. En ek het alle soorte van godsdienste en alle soorte van gode gesien wat hulle het, die heidengode, die Mohammedaan, die Boedha, en die Sikh, Djaina, o, wat ook al, en die heidengode van die stamme. Maar, elkeen van hulle, daar is nie een van hulle reg behalwe Christendom nie. Elkeen van hulle, hulle stigters is dood, en hulle het die graf waar hy begrawe is. Maar Christendom is die enigste een wat reg is, omdat ons Stigter gesterf het, begrawe is, maar weer opgestaan het, en ons kan bewys dat Hy lewe.

100 By die graf van Mohammed, vir die laaste tweeduisend jaar, amper, was 'n wit perd, verander wagte elke soveel uur, in afwagting vir Mohammed om op te staan uit die dood, die wêreld plat te ry en dit te verower.

101 Maar Jesus is alreeds op uit die dood, was op vir tweeduisend jaar, en is met ons vanaand. En dan wanneer ons die duisternis sien, en die einde van die tyd sien, hoe dit nou is, wat opkom na die ure waarin ons lewe, terwyl ons seil deur die lewe se donker doolhof, waar die stormagtige see, en—en die tuig kan vergaan op enige tyd. Hierdie liggies kan uitdoof soos *dit*. [Broer Branham klap sy vinger—Red.] Of, ons mag nooit hierdie gebou verlaat vanaand nie, niemand van ons nie. Ons weet nie watter tyd die dood kom nie.

102 En wat 'n veilige gevoel moes dit gewees het vir daardie dissipels, om te weet dat die einste Skepper, wat Homself deeglik geïdentifiseer het om daardie Persoon te wees, saam met hulle geseil het.

103 En wat 'n geseënde gedagte is dit, wat 'n geseënde hoop is dit, wat 'n versekering is dit, in hierdie donker uur, aan die einde van die wêreld se geskiedenis, om te weet dat die Skepper saam met ons seil deur die lewe se donker doolhof,

veilig toegedraai! Bomme, wat ook al mag kom, laat hulle ry, bars, blaas, wat ook al hulle wil doen, dit maak geen verskil vir my nie, ek seil saam met die Skepper. Wat 'n sekuriteit, terwyl ons deur hierdie water seil!

104 Nou terwyl ek praat, van Hom praat, van watter groot dinge Hy gedoen het. Na die herlewing feesviering, het Jesus waarskynlik gerus soos Hy het, het gesê, tussen die herlewings. En ons . . . hulle was so duidelik geïdentifiseer oor Wie Hy was. Die mense het geweet Wie Hy was, van diegene wat Hy verblind het. Maar diegene wat 'n houvas op die Skrif gehad het, omdat hulle geweet het dat die Skrif was . . . God se Woord is gegee, baie, aan elke geslag, en daardie belofte van daardie eeu moet vervul word. En Hy het presies vervul wat veronderstel was om gedoen te word in die tyd van die Messias. Hy het elke kwalifikasie nagekom. Dan ons . . . hy was verseker dat Hy die Man was.

105 Maar, julle sien, Hy was so gewoon. Hy het nie aangetrek soos 'n priester nie. Hy het gehad, geen, nie 'n geleerdheid soos—soos wat ons geleerdheid sou noem nie. Ons het geen rekord van Hom wat selfs skool toe gegaan het nie. Maar daar was iets omtrent Hom wat anders was.

106 En toe het Hy hulle uitgenooi, toe hulle nie kon verstaan nie, gesê: "Ondersoek die Skrif, want in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en dis die ding wat van My getuig. Hulle sê vir julle Wie Ek is."

107 En nou, onthou, hulle almal het dit in hulle hart gehad, en het gedink aan hierdie dinge. En terwyl hulle rondgeseil het op die see, hoe hulle soos kinders kon wees, solank Hy saam met hulle in die skip was.

108 Nou, vriend, wat dit aan ons behoort te doen! Dieselfde geïdentifiseerde Jesus Christus, dieselfde Skepper, dieselfde God, is met ons vanaand. Wat 'n veiligheid is dit—dit, wat 'n gevoel, om te weet dat Sy Teenwoordigheid hier is.

109 Nou vind ons, net toe hulle hierdie wonderlike tyd gehad het, meteens, het probleme ontstaan. Die skip het gesteier, die seile het weggewaai, die water het die boot gevul. Alle hoop van oorlewing was weg.

110 Nou, is dit nie vreemd nie, net soos dit nou is, soos ons afkom na die einde nou, is dit nie vreemd nie? Ons kan praat van hoe groot Hy is; ons kan sê hoe groot Hy is, in ons kerk, wanneer ons getuig; ons vertel ons—ons werknemers, werkgewers, hoe groot Hy is; ons vertel die mense op die straat hoe groot Hy is; en, wanneer probleme tref, is ons verbouereerd. Sien? Ons net . . . Sien? Die dinge wat ons Hom sien doen het, die dinge wat ons weet Hy doen; en laat 'n siektetjie net, of 'n probleempie die huis tref, kyk wat gebeur; alles daarmee heen, alle—alle hoop weg.

111 Hoewel het Hom soveel dinge sien doen; alles vergete wanneer probleme tref.

112 Soos nou, ons het hierdie groot herlewing gesien, ons het geskiedenis van ander groot herlewings, ons het Sy Teenwoordigheid, ons weet hierdie dinge, en partymaal begin probleme wat ons nie kan oplos nie. Hulle . . .

113 Byvoorbeeld soos nou, ons het nou probleme in ons kerke. Ons het denominasionele probleme, argumente in ons kerke. Ons weet nie wat gaan plaasvind nie. Ons sien 'n groot ding wat vorm daar. Al ons gelowiges in die Bybel sien iets maak gereed om plaas te vind. Daar is niemand wat dit nie weet nie.

114 En al die kerke gaan in daardie ekumeniese Raad van Kerke ingebring word. Dan, wanneer julle dit doen, gaan julle julle groot Evangeliese leer van die Bybel prysgee. En die Pinksters simpatiseer daarmee, gaan reguit daarin, soos 'n vark wat na sy slagting gaan, dis reg, ekumeniese raad. Baie groot Pinksterleiers wat met hulle saamstem. Ek sê julle, moet julle nooit julle nek in so—iets soos daardie steek nie. Dis presies wat die Bybel gesê het sou gebeur. Daar is die dier en die merk, en, presies, alles reg op sy plek, en ons sien dit en ons wonder wat die uiteinde daarvan gaan wees.

115 Probleme het begin. En hulle het vergeet dat die einste Een waaroor hulle gepraat het, die einste Skepper, in die boot saam met hulle was.

Nou sê julle: "As ek dit kon dink!"

116 Wel, onthou, ons het Hom steeds, want Hy is die Woord, altyd. In Johannes 1:1, soos ons gisteraand gesê het: "Hy was die Woord, en die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." En ons het steeds Sy Woord wat ons rig na Sy gedagtes en Sy werke vir hierdie dag. Sien? Die . . . Nie die gedagtes wat Moses in sy dag gehad het nie, nie die gedagtes van die dissipels nie, nie die gedagtes van Luther, of Wesley, of die Pinkstereeu, of enige van daardie nie. Ons het die Bybel hier wat vir ons sê van wat nou gaan gebeur. Sien? Ons sien die Pinksterherlewing in die Bybel, die Lutherse, en al daardie kerkeeue. Ons het hulle gesien. Maar ons het ook die Skrif hier wat vir ons sê wat nou gaan wees. En dis God, God wat Sy Eie Woord interpreteer vir hierdie eeu waarin ons lewe. Hy is Sy Eie interpreteerder. En, tog, raak ons verbouereerd. Moenie verbouereerd raak nie.

117 Sy dissipels beland partymaal in fisiese probleme wat hulle nie kan oplos nie. Soos siekte, kanker, sovoorts, wat die dokter nie kan nie, nie weet wat om daaraan te doen nie. Ons, soos hulle, vergeet Wie in die skip is.

118 Hulle moes geweet het dat Hy alle dinge geweet het. Hy het geweet dat hulle sou plaasvind. Hy was die . . . Hy het alle

dinge geweet, so Hy het geweet dit sou plaasvind, sou met hulle gebeur. Waarom het Hy dit laat gebeur? Toe Hy in daardie skip ingeklim het, het Hy geweet dit sou plaasvind.

119 Hy weet dat ons hierdie toestand moes bereik, en Hy het vir ons hier in die Bybel voorspel dit sou so wees.

Wat het Hy nou gedoen? Hulle geloof getoets.

120 Waarom sou Hy 'n—'n—'n goeie, klein, moederlike vrou in 'n rolstoel laat sit, soos daardie? Waarom sou Hy 'n gawe jongkêrels hier laat, hierdie jongmanne wat hier sit in hierdie rystoele, dames, ensovoorts? Waarom sou Hy? En, steeds, hulle mag kreupel wees, net 'n gewone lewe lei. Maar daar mag party hier sit met hartprobleme, en, as God jou nie genees nie, mag jy dood wees voor die oggend. Dis reg. Hy het geweet dit gaan gebeur. Miskien word dit gedoen om ons geloof 'n toets te gee. Dis waarom dit gedoen is vir hulle. Hy het so gesê. Sien? Dieselfde nou.

121 Hy het bewys Wie Hy was, deur die Woorde en tekens wat Hy onder hulle bewys het, dat Hy die bevestigde, gesalfde Messias was wat moes kom.

122 En Hy het onder ons bewys, deur die Doop van die Heilige Gees en die terugkeer van die dinge wat Hy belowe het in die dag, wat Hy sou doen. Hy het bewys dat Hy hier is. Hy het bewys dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd. En kyk hoe maklik kan ons verbouereerd raak oor enige klein dingetjie? Ons moet dit nooit laat gebeur nie. Nee.

123 Hy het gesê: "As Ek nie die werke doen wat van My geskryf is nie, moet My dan nie glo nie." En as die Kerk, as die Heilige Gees vandag, nie die dinge doen wat dit veronderstel is om te doen vir hierdie uur nie, moet dan nie die Boodskap glo nie; jy het 'n reg om Dit nie te glo nie.

124 Maar Hy het belowe dat hierdie dinge wat Hy op hierdie oomblik doen sal plaasvind reg op hierdie tyd. So dit behoort ons veilig te laat voel, sê: "Ek gaan na die diens. Die groot Heilige Gees, verstaan ek, is daarbo die geheime van die harte van die mense aan die openbaar." Dis presies wat Hy gesê het Hy sou doen wanneer Hy geopenbaar sou word in die laaste dae. Jesus Christus het gesê, Self, dat dit presies is wat Hy sou doen.

125 En Hy het gesê: "Die wêreld sou in die toestand wees, soos dit was in die dae van Sodom." Dis net waar dit nou is. Hy het gesê: "Die kerke sou verdeel wees, net soos hulle toe was," Lot, die louwarme, onder in Babilon, of onder in Sodom, en die Sodomiete. Hy het gesê: "Abraham, die uitverkorene, uitgeroepte groep," en Hy het 'n boodskapper gestuur na die uitverkore groep. En Hy het twee boodskappers afgestuur na hulle, wat elkeen voorgestel het. En dis net wat Hy gedoen het,

selfs tot elke naam, elke aksie, elke beweging, alles net volmaak, elke teken, elke manifestasie, net presies dieselfde. Hy het gesê dit sou gebeur.

126 Nou waarvoor is ons bang? Waarom is hierdie dinge op ons? Hy beproef ons, kyk wat ons daaraan gaan doen. Let op.

127 Hy het vir hulle gesê, gesê: "Nou, as julle My nie kan glo nie, glo die werke wat Ek doen; hulle getuig Wie Ek is." Hulle behoort dit te geweet het, maar hulle het nie. Hulle . . .

128 Hy was God, Wie geskep het, die Skepper van die winde en see. As Hy die winde en see kon skep, kon Hy hulle nie meer Sy Woord laat gehoorsaam nie? As Hy alles geskep het, kan Hy nie alles laat gehoorsaam nie? Laat ons onthou, ook, Hy het ons liggame geskep, hulle sal ook Sy Woord moet gehoorsaam. "Wel," sê jy: "as ek net seker kan wees daarvan." Wel, ons is seker daarvan. Hy is hier om dit so te bewys. Hulle moet dit gehoorsaam. Onthou. Hy het . . .

129 Wanneer ons lê, niks behalwe miskien 'n lepel as nie, het Hy belowe om daardie as op te rig. Hy het belowe om dit op te rig. Die liggaam moet Hom gehoorsaam. En dis wanneer ons sterf, ons rus verseker dat ons opgerig sal word, want Hy het belowe Hy sou dit doen. En Sy belofte is Sy Woord, en ons glo. Glo julle in die opstanding van die liggaam? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. As julle nie, is julle nie 'n Christen nie. So ons glo Hy sal ons oprig in die laaste dae. Hy het belowe om dit te doen. En wat is dit? Dis Sy Woord. Dis waar ons alles plaas op wat ons het, reg op daardie Woord.

130 En dan wanneer die tyd aanbreek dat ons sien die Woord word geïdentifiseer, om met ons te wees; dan is ons soos die dissipels, in nog 'n geval toe hulle buite op die see was, en—en hulle gereed was om weer te sink, in nog 'n geval. En hulle het Jesus sien wandel op die water, en hulle het bang geword. Hulle het gesê: "Dis—dis 'n spook. Dis vreesaanjaend." Bang dit was 'n gees, en hulle het uitgeroep met vrees. Die enigste ding wat hulle kon help, hulle was bang daarvoor.

131 En so is dit vandag, die einste enigste ding wat mense kan help, hulle is bang daarvoor. Hy het gesê: "Moenie bevrees wees nie, dit is Ek." Hy spreek. Hoe sou jy weet dit was Hy? Hy is geïdentifiseer deur Sy Woord. Dis hoe Hy geïdentifiseer was die eerste keer. Dis hoe Hy elke keer geïdentifiseer word, deur Sy Woord. Let op.

132 Nadat hierdie dissip— . . . dissipels hulleself aan die einde bevind het, moes party van hulle besef het dat die Skepper steeds met hulle was.

133 Ek hoop dit doen dit aan ons, vanaand, want Hebreërs 13:8 sê Hy's dieselfde.

134 Toe wat het hulle gedoen? Hulle het Jesus wakker gemaak. "Gaan maak Jesus wakker. Maak Hom wakker, roep Hom op

die toneel!" Hy word baie maklik geroep. Hulle het gesien, soveel dinge gesien wat God gedoen het, en—en—en die Woorde wat Hom bevestig het. So het ons. En dit was nie moeilik om Hom tot aksie te roep nie.

135 Hulle het Hom wakker gemaak, en gesê: "Gee U . . . gee U nie om dat ons vergaan nie?"

Jy sê: "Hoe kan ons seker wees hiervan? Kan ons dit bewys?"

136 Johannes 14:12, het Jesus gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Dis presies. Ons geloof wat Christus in ons teenwoordigheid bring.

137 Hy het gesê in—in Lukas, 17de hoofstuk: "In die laaste dae wanneer die Seun van die mens geopenbaar word, sal dit 'n tyd wees soos Sodom en Gomorra." Ons sien dat dit gebeur.

138 Hy het gesê, voordat daardie tyd plaasvind, in Maleági 4, dat: "Daar 'n Boodskap sal uitgaan wat die mense terug sal herstel na die oorspronklike Geloof wat eenmaal aan die mense oorgelewer is." Altyd God se program om dit te doen. En dan sou die goddeloses as wees, en die regverdiges sal uitstap op hulle voete.

139 Ons sien al hierdie wat belowe word. Hy wag net nou vir jou, jou, jou, elkeen van julle, om Hom op die toneel te roep. Om Hom op die toneel te roep! Dis waar Hy wil wees, op die toneel geroep vir aksie. Let op wanneer julle Hom op die toneel roep, so dan sou ons sê: "Laat ons Hom wakker maak." Dan, roep Hom om Sy Woord te bevestig en die—die ding wat Hy belowe het om te doen, soos Hy sou. Ons sou weet, in die openbaring van Jesus Christus in die laaste dae, sou wees soos dit was in die dae van Sodom. Hy het daardie openbaring aan die Kerk belowe, wanneer Hy geopenbaar sou word. So moenie twyfel en vrees nie, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

140 Ek het 'n vrou gehoor, eenkeer, toe ek gepraat het dat Hy so groot is. Sy het gesê: "Daar is een ding wat ek teen jou lering het, Mnr. Branham."

141 Ek het gesê: "Wel, dankie, as jy net een ding het." Ek het gesê: "Ek—ek hoop God vind dit net so." En sy het gesê: "Wel, jy spog te veel oor Jesus."

142 Ek het gesê: "Ek hoop dis die enigste ding wat teen my is." En—en ek het gesê: "Ek spog nie genoeg oor Hom nie."

143 Sy het gesê: "O, ja, jy doen dit." Gesê: "Jy maak Hom Goddelik." Dit was 'n vrou wat nie geglo het dat Jesus Goddelik was nie. Sy was 'n Christen Wetenskap. En gesê: "Jy maak Hom—jy maak Hom Goddelik, maak Hom God."

144 Ek het gesê: "Hy is óf God, of die grootste bedrieër wat die wêreld ooit geken het." Ek het gesê: "Hy . . ."

145 Gesê: "Wel, ek kan vir jou bewys, met jou Bybel, dat Hy nie was nie. Hy was net maar 'n profeet."

Ek het gesê: "Hy was 'n profeet, waarlik, maar Hy was God, ook."

Gesê: "Hy was 'n man en Hy was sterflik."

Ek het gesê: "Dis waar, ook."

146 Sy het gesê: "Op die pad af om Lasarus uit die graf op te wek, Johannes die 11de hoofstuk, het gesê, die Bybel het gesê: 'Jesus het geween.'"

Ek het gesê: "Dis waar."

147 Sy het gesê: "Wel, dit bewys dat Hy nie Goddelik kon wees, en ween nie."

148 Ek het gesê: "O, goeiste, dame, is dit jou argument?" Ek het gesê: "Dis 'n swakke." Sy het gesê. . . Ek het gesê: "Waar, Hy was 'n Man toe Hy geween het; maar toe Hy Sy liggaampie beweeg het, Sy skouertjies teruggetrek het en gesê het: 'Lasarus, kom uit,' en 'n man wat vir vier dae dood was, en verrot het in die graf, op sy voete gestaan het en weer gelewe het, was dit meer as 'n mens, dit was God."

149 Hy was 'n mens, hierbuite in hierdie boot daardie nag, toe Hy buite op die see was, waar tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink. Daardie ou bootjie het rondgedobber soos 'n bottelprop daarbuite op die stormsee. Hy was 'n mens, moeg, aan die slaap. Maar toe hulle Hom wakker gemaak het en Hom op die toneel geroep het, het Hy een voet op die rant gesit en opgekyk, en gesê: "Storm, word stil," en die winde en die golwe het Hom gehoorsaam. Dit was meer as 'n man. Dit was God.

150 Hy was 'n man toe Hy van die berg afgekom het, honger, gesoek het na 'n boom om iets te kry om te eet. Hy was 'n man toe Hy honger was. Maar toe Hy vyf broodjies en twee vissies geneem het en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n man. Dit was God in daardie man.

151 Elke persoon wat ooit enigiets beteken het, was mense wat dit geglo het. Reg. Digters en wat ook al het dit geglo, dat God in Christus was, die wêreld met Homself versoen het.

152 En nou is Christus in die Kerk, wat die mense met God versoen. Hy het belowe om dit te doen. Dit is geskrywe, dat: "Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek glo dit met my hele hart, dat Hy net nou wag om op die toneel geroep te word. Nou die enigste ding wat Hom op die toneel kan roep, is vir ons om Hom wakker te maak in onsself, Hom op die toneel te roep.

153 Hy was die grootste gawe wat God ooit vir die wêreld gegee het. "God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy

Eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie; die Ewige Lewe sal hê." Hou God en Sy gawe dop. Nou, die mense het God se gawe gebruik.

154 'n Vroutjie, eenkeer, sy het dit geglo, dat Hy die manifestasie van God in vlees was. En sy het gesê: "As ek Sy kleed aanraak, sal ek—ek—ek gesond gemaak word."

155 Nou, sy het Sy kleed aangeraak, en Hy het omgedraai en gesê: "Wie het My aangeraak? Sien, deug, krag, het uit My gegaan." Sy het Sy kleed aangeraak. Dit was sy wat God se gawe gebruik het. Sien? Hy het swak geword daarvan.

Maar toe Hy weggegaan het van die huis van Lasarus . . .

156 Onthou, Johannes 15:19, het Jesus gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks in Homself doen, behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Onthou, Jesus Christus het nooit een wonderwerk gedoen, nooit enigiets gedoen in die bonatuurlike, totdat Hy eers 'n visioen gesien het oor wat om te doen nie. Hoeveel glo dat dit waar is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Johannes 5: "Voorwaar, nie wat Ek hoor nie, nie wat iemand vir My sê nie; wat Ek die Vader sien doen, dit doen die Seun net so." Nou as dit nie so is nie, dan is die res van die Skrif nie so nie. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks in Homself doen nie; maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun. Die Vader werk, en Ek werk tot nou toe." Met ander woorde, Hy het net uitgevoer, gedoen wat God vir Hom gesê het om te doen.

157 Nou, onthou, toe Hy weggegaan het van die huis van Lasarus, was Hy 'n paar dae weg. Lasarus het siek geword, en hulle het gestuur na Hom. Hy het nie gegaan nie. Twee dae later het Lasarus sieker geword. So hulle het weer na Hom gestuur, Hy het steeds nie gegaan nie. Toe toe die vasgestelde tyd, die Vader Hom gewys het wat sou gebeur, het Lasarus gesterf. En Hy het omgedraai, toe Lasarus gesterf het, gesê: "Lasarus is dood, en Ek is bly om julle onthalwe dat Ek nie daar was nie." Hulle sou wou hê Hy moes vir hom bid, ensovoorts. Hy het net gedoen wat God vir Hom gesê het om te doen, wat Hy gesien het, 'n visioen. Sien, Hy het 'n visioen gesien oor wat om te doen. "Maar Ek gaan om hom wakker te maak." Hum! Daar het julle dit.

158 Hou Martha dop wat kom om Hom te sien. Sy het gesê: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat ook al U God vra, sal God dit vir U gee." Sien?

159 Hy het geweet wat Hy sou doen. Hou Hom dop by die graf van Lasarus. Hy het gesê: "Vader, Ek dank U, dat U My alreeds gehoor het, maar Ek het dit net gesê vir diegene wat hier staan."

160 "Lasarus, kom uit!" En Lasarus het opgestaan uit die dood.

161 Nou, Hy het nooit iets gesê van swak word daar nie. Dit was God wat Sy gawe gebruik het. En die mense wat God se gawe gebruik het, was anders.

162 Want, Hy was die Woord. "En die Woord is skerper as 'n tweesnydende swaard," het die Bybel gesê: "en onderskei die gedagtes en oorlegginge van die hart." Dit bewys dat God in die midde van die mense is. Ja. Laat ons dit glo. Hy is gereed, volgens Sy Woord, om op die toneel geroep te word, vanaand.

163 Hoeveel is hier siek en behoeftig, steek op julle hande. Laat ons julle hande sien, hoeveel is siek en behoeftig, enige plek. Wel, die enigste ding waarvoor Hy wag is om op die toneel geroep te word. Vra Hom net.

164 Nou wat as Hy hier gestaan het met hierdie pak wat Hy vir my gegee het, en jy kom op voor Hom en het gesê: "Here Jesus, ek wil hê U moet my genees," julle weet wat sou Hy sê? "Ek het dit alreeds gedoen."

165 "Hy is deurboor vir ons ongeregtighede; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Hy kan dit nie die tweede keer doen nie. So, sien, Hy het dit alreeds gedoen. Jy moet dit glo. Daar is niks wat jy kan doen verdienstelik tot enigiets, om—om jou verlossing of genesing te verdien nie. Daar's niks wat jy daaraan kan doen nie. Dis 'n gratis geskenk van God. Sien, dis genade, 'n gratis geskenk. As ek vir jou 'n miljoen dollars gee, en jy maak my das reguit; het ek dit nie vir jou gegee nie; jy het iets daarvoor gedoen. Sien? God se gawes is verniet. Die enigste ding wat jy moet doen is om dit te glo, dat Hy dit vir jou, jou gekoop het. Hy. . . Dis alreeds gekoop. Hy het dit vir jou gedoen. En daar's niemand in die wêreld. . .

166 Ek weet nie wat julle gehad het hier in Baton Rouge nie. Alles gaan deur die land, nabootsings en so meer. Ons weet dit moet net so wees. Maar wanneer 'n man inkom en vir jou sê hy het die krag om jou te genees, lieg hy. God alleen kan genees. "Ek's die Here julle God, wat al julle krankhede genees." Hy sal nie Sy heerlikheid deel met enigiemand nie. Daar is geen mens wat mag het om te genees nie.

167 Maar daar is 'n man wat gawes het, om God te manifesteer. Jou pastoor. . . [Broer Branham hoes—Red.] Verskoon my. Hy kan God neem, met 'n gawe van—van. . . 'n Leraar, hy kan die Woord verduidelik sodat jy Dit beslis kan sien. As jy enige oë het om dit mee te sien, sal jy dit sien. Daar is nog een, miskien 'n ander gawe. Maar daar is altyd 'n gawe wat die Teenwoordigheid van God manifesteer, en, daardeur, moet jy dit self glo.

168 'n Sondaar mag hier na die altaar kom as 'n jong man of vrou, op die ouderdom van veertien jaar oud, en hulle sou vir jou jou maaltye hiernatoe bring, en jy sou na die Here uitroep, totdat jy negentig jaar oud was, jy sou nooit gered word nie.

Maar jy moet eers aanvaar wat Hy vir jou gedoen het. Sien? Jy moet dit aanvaar, self. Dan wanneer jy dit aanvaar, dan is Hy die Hoëpriester, bemiddelaar, om voorspraak te maak volgens jou belydenis van wat jy glo.

169 Nou dis dieselfde ding deur ’n gawe op hierdie manier. Dis om jou eie verstand weg te kry van jou, en dan te kyk wat Hy sê om te doen.

170 Ek sien mense kom na die platform, hulle spring op—en—af en skree, en sê: “O, Broer Branham, ek het al die geloof in die wêreld.” Wat soek jy dan hierbo? Sien? Dis—dis emosie, en nie geloof nie.

171 Egte geloof ken geen nederlaag nie. Dis alreeds gedoen. Dis alreeds verby. God het so gesê, en dit handel dit af, jy sien. “God het so gesê!” Nou is dit dieselfde ding, enige tyd. Wanneer jy dit regtig glo, raak dit Hom aan.

172 Nou daardie vroutjie wat Sy kleed aangeraak het, sy het gesê: “As ek maar net Sy kleed aanraak, sal ek genees word,” en sy het dit gedoen. En toe sy uitgevoer het wat haar geloof wou hê sy moet doen: “dit aanraak,” het Hy dit gevoel, sien, en Hy het omgedraai en met haar gepraat.

173 Nou, Hy is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. As jy net slegs Christus sal glo, Hom glo! Laat jou geloof Sy kleed aanraak. En Hy, net nou, is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Ons weet dit almal. En as Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, moet Hy dieselfde optree vandag as wat Hy het gister, as Hy dieselfde Hoëpriester is. Nou sal julle dit nie glo nie? Hê net geloof in God.

174 As ek julle ’n leuen vertel het, dan sal God dit nie rugsteun nie. As ek vir julle die Waarheid vertel het, sal Hy—sal Hy Dit rugsteun. Hy is verplig om die Waarheid te rugsteun.

175 Jesus het gesê: “Ek het ’n getuie.” En die getuie is God se Woord, natuurlik. Gesê: “Daar getuig die Skrifte van My. As hulle nie van My getuig nie, moet dit dan nie glo nie.” Sien?

176 En as die Skrifte nie getuig van wat Ek julle nou vertel, dat: “Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd,” nie, moet dan nie die Skrif glo nie. Want, die Skrif het gesê Hy was, en Hy het hierdie dinge belowe vir hierdie laaste eeu. Onthou, net aan die einde van die Joodse eeu, dis hoe Hy Homself openbaar, Messias. Die einde van die—die eeu van die Samaritane, het Hy dieselfde gedoen. Nou is die einde van die Heidense eeu. Hy’s dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

177 Maak Hom wakker in jou gewete, roep Hom op die toneel, terwyl ons ons hoofde buig.

178 Hemelse Vader, net ’n woord van U nou sal genoegsaam wees. Dit sal alles wees wat ons nodig het, net ’n woord van U.

Mag die mense duidelik verstaan wat die prestasie, wat ons probeer doen, Here, is om—is om hulle die voordele te laat kry van die Here Jesus wat hulle liefhet en dien. Mag hulle dit doen vanaand, Here. Want U dood was nie tevergeefs nie. U is "deurboor vir ons oortredinge, vir ons ongeregtighede verbrysel." "Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Ek bid, God, dat elkeen hierbinne, in Goddelike Teenwoordigheid, dit sal verstaan en die visioen sal kry, en genees sal word tot die heerlikheid van God. Deur Jesus Christus se Naam, gee ek myself saam met hierdie gemeente, aan Sy eer en heerlikheid. Amen.

179 Nou wees baie eerbiedig, net vir 'n paar minute. Nou net 'n woord van Hom sal meer beteken as alles wat ek kon sê, of alles wat enigiemand anders kon sê, want dis Hy wat dit doen. Hy is die een. Hy is die doener, en ons vertrou dat die—die Here Jesus hierdie dinge nou aan julle, elkeen, sal skenk.

180 Nou laat ons sien wat die tyd is. Ek het nie geweet dit was dit nie. Ek sê julle, om hier uit te kom betyds, wat ons veronderstel is om te doen, het ons nie die tyd om hierdie lyn nader te bring nie. Laat ons dit reg uit die gehoor roep.

181 Nou laat ons net die Skrif neem, net 'n oomblik. Nou die Bybel belowe, in hierdie dag, dat die herhaling van Sodom en Gomorra herhaal sou word. Hoeveel glo dit nou, steek julle hand op? Die Bybel identifiseer dit nou.

182 En dan wat was dit by Sodom en Gomorra? Dit was God in die vorm van die mens. En hoe Abraham dit geweet het, is toe Hy gesê het: "Waarom het Sara gelag in die tent, agter? Of, waarom het sy dit betwyfel, die woorde wat Hy gespreek het om so te wees?" Hy kon onderskei wat Sara gedink het, agter Hom. Nou kyk julle of dit net nie was nie.

183 Nou, dit was nie aan die kerk van Babilon, of die kerk van Sodom nie. Nee, nee. Dit was nie aan daardie mense daaronder in die denominasionele geledere nie. Nee, meneer, gaan nooit na hulle toe nie. Hulle het hulle boodskapper. Sien?

184 Maar aan die uitverkore Kerk, die super Saad van Abraham wat veronderstel is om die Woord te glo ongeag van wat die omstandighede is: "Abraham het daardie dinge wat nie was nie, gereken asof hulle was." God het so gesê, en Hy het dit geglo. Nou, vriend, ek—ek weet dat God verplig is tot hierdie Woord, om Dit te hou.

185 Nou ek wil hê julle moet, waar ook al julle in die gebou is, eerbiedig sit vir 'n paar oomblikke, waar julle ook al is. En glo, glo net met julle hele hart.

186 Nou as ek jou kon genees, as ek hierdie meisietjie kon genees na wie my hart uitgaan, as ek daardie dingetjie kon

genees wat daar lê, sou ek—ek—ek—sou ek van hier af na die Noordpool kruip, as ek kon, om dit te doen, of enigiemand wat enige menslike gevoel het. Maar ek kan dit net so min doen as niks. Miskien sal party van julle daar nie langer as 'n rukkie lewe nie, met 'n kanker. As ek jou kon genees, sou ek wees . . . Ek sou nie geskik wees om in hierdie platform te staan en dit kon doen en wou doen nie. Nou, ek kan nie. My hart gaan uit na julle. Ek sou dit doen as ek kon, maar ek kan nie. Daar's geen ander mens wat dit kan doen nie. Dis reg. Maar, julle sien, Jesus het dit alreeds gedoen. Sien? En Hy probeer net om jou te kry om dit te glo. Maar jy . . .

187 Ek voel jammer vir die mense. Daar was soveel dinge wat hulle net verblind het, *hierdie* kant toe en *daardie* kant toe, totdat, arme mense, soos skape sonder 'n herder, kwalik. Hulle weet nie wat om te doen nie. Een sê *dit* en een sê *dat*. Moenie dink wat die mens gesê het nie. "Dae van wonderwerke is verby. Daar's nie so—iets soos die doop van die Heilige Gees nie."

188 En, onthou, Petrus het gesê, op die Pinksterdag: "Die belofte is aan julle en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Sien?

189 Jesus het belowe hierdie dinge sou gebeur in die laaste dae, dat God sou terugkeer in die vorm van menslike vlees, soos ek en jy hier vanaand, en daardie selfde ding sou doen net voor die wêreld vernietig sou word. En die wêreld sou wees soos 'n Sodom. Sien? Nou het ons die Sodomtoestand reg; elke posisie, elke persoon, alles wat net presies reg sit.

190 Nou kan ons geloof nie daarby kom nie? Kan ons Hom nie op die toneel roep nie? Roep Hom op die toneel. Jou geloof is die enigste ding wat dit kan doen. Nou glo julle nou met julle hele hart, elkeen van julle, nou.

191 En ek wil julle iets vra. Sonder enige gebedskaarte . . .—buite enigiemand hierbo, as daardie groot Heilige Gees sal afkom hier, en deur die salwing van jou en die salwing op my, en sal identifiseer dat Jesus Christus werk onder ons soos hierdie, wat meer kan Hy doen? Daar is nie nog 'n belofte in die Bybel, bokant dit nie. Dis die hoogste belofte. Hoeveel weet dit? Sekerlik, dit is. Dis die—dis die laaste ding aan die kerkeeu.

192 Die Jode, in die tyd van die Verdrukkingsperiode, en op die . . . daar het hulle 'n—'n besoek daaragter, maar nie aan die Heidenkerk nie.

193 Hierdie is die laaste ding wat belowe is aan die Heiden. Dis waar. Dit was die Heidene daaronder in Sodom, wat verbrand sou word. En daardie, hier is die—die Bruid, wat die Koninklike Saad van Abraham was, wat die Bruid is wat onder die Heiden uitgeroep is. Dis hulle beëindigingsteken, alles daarvan.

194 Merk dit in jou boek. Ek's 'n ou man. Maar merk dit net in jou boek en kyk of dit gebeur, of nie. Sien, jy's aan die einde nou. Wanneer? Ek weet nie. Ek soek na Hom vandag. As Hy nie hier is vandag nie, sal ek môre na Hom soek. As Hy nie môre daar is nie, sal ek die volgende dag soek. As Hy nie hier is hierdie jaar nie, sal ek volgende jaar na Hom soek. Ek weet Hy kom. Ek ken nie die minuut of die uur nie, maar ek weet alles is vervul, gereed vir die Wegraping. Die Kerk is uitgeroep. Dit sal 'n geheime weggaan wees; net verdwyn, en dit sal al wees.

195 En die wêreld gaan net dieselfde aan, mense wat preek, en mense wat dink hulle word gered, net presies soos hulle gedoen het in die dae van Noag, sovoorts. Noag het in die ark ingegaan, en mense het reguit aangegaan, en die wêreld wat net dieselfde gedraai het. Dink daaraan! En, Ewiglik verlore, gedink hulle was gered.

196 Een van hierdie dae gaan ek 'n groot tent in hierdie land inbring, en dit hierbo opslaan, sodat ons middagdienste kan hou, en instruksies, sodat julle hierdie dinge beter kan verstaan. Kry al ons broers bymekaar sodat ons dienste kan hê.

197 Nou as Jesus Christus Sy belofte vervul, dan is ons verplig om Hom te glo. Ek wil hê julle almal, elkeen van julle, net om net eenvoudige kinderlike geloof te hê, om Hom te glo.

198 Nou soos julle net soort van begin met julle hoofde gebuig, en begin bid, sê: "Here Jesus, nou ek weet dat hierdie man my nie ken nie. En ek is behoeftig. En daar word vir ons vertel dat U 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. As U net vir hom sal laat . . . As ek U net kan aanraak, spreek net deur hom, Here, dat ek sal, ek weet sy . . . weet dis U. Ek weet hy ken my nie."

199 En dis daarbuite in die gehoor, net 'n gemengde gehoor; van geloof, ongeloof, skyngeloof; sondaars, heiliges, en almal saam.

200 Nou moet julle glo. Nou as Hy dit sal doen uit hierdie gehoor hier, wil ek hê elkeen van julle hierbinne, sê: "Broer Branham, ek—ek weet dit—dit moet Hy wees wat oor die gemeente kyk soos Hy toe het." Ek wil hê julle, as julle regtig sal glo, wil ek hê julle moet julle hand opsteek, sê: "Here, ek aanvaar dit met my hele hart, dat ek glo dis Christus Jesus, volgens Sy belofte." Regoor die gebou. God seën julle. Dis goed. O, net te jammer ons het nie 'n maand om hier te wees nie. Sien, net laat . . . Ek is nuut vir julle. Sien, dis moeilik. Hou julle net aan glo.

201 Nou, dis 'n Lig. God is Lig, ons weet dit, Vuurkolom. En nou bid julle net en raak Dit aan, en mag die Here Jesus antwoord.

202 Nou neem ek elke gees hierbinne onder my beheer, in die Naam van Jesus Christus, tot Sy heerlikheid. Nou wees baie eerbiedig. Bid. Wees baie eerbiedig.

203 Nou, hier is Dit. Daar is 'n dame reg hier voor my. Sy het haar hoof gebuig, en sy bid vir haar eie beproewing. As jy nou jou kop wil optel, sy is reg hier voor my. Glo jy met jou hele hart? Glo jy dat God daardie suikersiekte kan genees en jou kan gesond maak? Nou, dis wat jy het, suikersiekte. Ek ken jou nie. Jy's 'n totale vreemdeling vir my. Maar glo jy dat ek Sy dienaar is? As—as ons vreemdelinge is vir mekaar, steek jou hand op, soos *daardie*, sodat die mense sal sien. Sien? Goed. Sien, hier is die dame. En nou ly sy aan 'n suikersiekte toestand. En glo jy God kan my sê wie jy is? Sal dit jou laat glo? Jy's Mev. Martin. As dit reg is, steek jou hand op. Sien? Hê jy net geloof. Moenie twyfel nie. Hê geloof.

204 Nou wat het sy aangeraak? Ek wil die gehoor vra. Wat het sy aangeraak? Daar is 'n vrou met haar regterhand op, en myne, ook, voor God. Sien? Sy het Iets aangeraak. Net 'n eenvoudige vroutjie, dit in werklikheid, om vir julle die waarheid te vertel, nou kyk julle of dit die waarheid is, dit het haar verbaas. Sy het nie geweet sy het soveel geloof nie. Geloof is nie iets wat jy maak nie; dis iets wat jy het. Sien? Sy was verbaas. Selfs net nou voel die vrou anders as wat sy het 'n paar minute gelede. Sy weet iets het met haar gebeur.

205 Hier, sien julle nie daardie Lig nie? Reg. Sien Dit reg bokant hierdie vrou net hier, net hier agter? Sy ly aan 'n . . . Sy het haar hoof gebuig. Sy bid. Maar sy ly aan probleme met haar rug. As sy sal glo met haar hele hart, kan sy genees word van daardie rugprobleme. Sekerlik.

206 Sy gaan dit misloop, so seker as enigiets. Sien, haar gebed beweeg steeds aan. Here, help my. Mev. DeVille, dis jy. Dis genade. Die vrou het gebid, het nie eens gedink nie, het my nie eens enigiets hoor sê nie. Nou vra julle haar of sy my ken. Dis wie sy is, en dis wat haar probleem is.

207 So wat het sy aangeraak? Dis die bevestiging van Jesus Christus, die Woord, onderskei die gedagtes wat in die hart is.

208 Glo julle? Hê net geloof. Bid, oral. Glo net. Dis al wat julle hoef te doen. Glo net, glo net ek het vir julle die Waarheid vertel. Nou, ek's nie Hy nie. Ek is net Sy dienaar, net Sy dienaar.

209 As julle net genoeg geloof sal hê! Ek kan hom nie roep nie. Ek weet wat sy probleem is, maar, sien, wag net 'n oomblik en miskien sal dit verander. Sekerlik nie onmoontlik nie, maar jy moet uit daardie groef beweeg. Hy kan nie vir homself glo nie. Moet vir hom glo.

210 ’n Dame wat ly aan nierprobleme. Sy’s nie van hier nie. Sy is van Mississippi. Sy sal glo met haar hele hart, God sal die nierprobleem genees. Mev. Palmer, as jy sal glo met jou hele hart, kan jy daarvan genees word. Dit het jou verlaat. Het Lig geword bokant haar. Dis weg van haar. Hê geloof in God. Moenie twyfel nie.

211 Daar is ’n dame wat reg langs haar sit. Sy ly aan artritis. Glo jy dat ek God se profeet is, dame? Jy glo? Glo jy as God vir my sal sê wie jy is, sal dit jou help om te glo? Jou naam is Mev. Meadow. Jy met jou hele hart nou glo, kan jy ook genees word.

212 Dit het vlam gevat by ’n dame langs haar. Sy sit ook daar. Daar gaan Dit, reg langs die ry af. ’n Dame wat daar sit, sy ly aan. . . Langs haar, ly aan ’n diabetes, ’n suikersiekte. Hulle wil hê sy moet hospitaal toe gaan, maar sy weier om dit te doen. Sy het ’n seun waarvoor sy ook bid. Daardie seun is nie hier nie, maar glo jy God kan vir my sê wat verkeerd is met daardie seun? Hy het hartprobleme. Glo jy, en Hy sal jou genees. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Mev. Dufflee, D—u, dubbel f, l, dubbel e. Soort van. . . Dis reg. Is dit reg, steek op jou hand, met jou hande op. Goed. Glo jy nou, en jy kan ook gesond gemaak word.

213 Glo jy dat dit dieselfde ding is wat daardie. . . Glo julle dat Jesus Christus se Teenwoordigheid nou hier is? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Hoeveel aanvaar dit? [“Amen.”] O, wat ’n sekuriteit! Wat ’n sekuriteit! Sien?

214 Wat het julle gedoen? Julle het Hom wakker gemaak. Julle het Hom op die toneel gebring. Hier is Hy op die toneel. Dit maak nie enige verskil wat die bote sê nie. Onthou, Hy kan sê: “Storm, word stil.”

215 Glo julle met julle hele hart? [Gemeente juig en sê: Amen.”—Red.] As julle glo, staan op julle voete en aanvaar dit. Staan op en sê: “Ek glo dit met my hele hart.” Staan reg op julle voete. “Ek glo nou.” Dis reg, maak nie saak wat jou probleem is nie, staan op, Prys Hom.

216 Hemelse Vader, ons bring hierdie gehoor na U. Hulle is bewus dat U hier is, Here. Mag elke duiwel, ongeloof, mag dit sy houvas verloor, en mag Jesus Christus die gehoor genees.

217 Satan, kom uit hierdie gehoor uit! In die Naam van Jesus Christus, jy is verwerp.

Om Jesus Op Die Toneel Te Roep AFR64-0319
(Calling Jesus On The Scene)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Donderdagaand, 19 Maart 1964, by die Denham Springs Hoërskool in Denham Springs, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org